

Wie is Jesus wat gebore is? (AP 1)

Luk 1:26-35, 2:8-11, 25-35

25 Des 2022

Dit is Kersfees 2022. Soos wat gewoonlik die geval is, heers daar ook hierdie jaar opgewondenheid omdat dit Kersfees is. Maar dit lyk soms of daar meer opgewondenheid onder ongelowiges is oor Kersfees as wat by gelowiges die geval is. Ek wil my nie uitspreek oor wat die motiewe is vir ongelowiges om Kersfees te vier nie. Wat ek egter wel graag wil doen is om uit te lig hoekom gelowiges werklik rede het om opgewonde te wees oor Kersfees.

Natuurlik gedenk Christene met Kersfees die geboorte van Jesus. Die afgelope paar weke het ons by die Malawiërbediening waarby ek betrokke is, tyd spandeer om te besin oor wie Jesus is. Ek het dit dus goed gedink om dit as basis te gebruik vir hierdie Kersboodskap, en hoop dat dit jou opnuut opgewonde sal maak oor die inhoud van die geboorte van Jesus.

Wat ek graag wil doen is om by drie insidente stil te staan wat vir ons in Luk 1 en 2 beskryf is wat voor, met en na die geboorte van Jesus plaasgevind het. Die drie insidente is: die verskyning van die engel aan Maria voor die geboorte van Jesus (Luk 1:26-35), die verskyning van die engel aan die skaapwagters met die geboorte van Jesus (Luk 2:8-11), en die ontmoeting tussen Simeon en Jesus toe Sy ouers Hom na die tempel in Jerusalem gebring het kort na Sy geboorte (Luk 2:25-35).

Ek vertrou die gebeure van hierdie drie insidente is aan ons almal goed vertrou, en ek som dit dus net kortliks op voor ons in meer detail gaan stilstaan oor wat van Jesus gesê is in hierdie drie insidente.

Die agtergrond van die drie insidente:

In Luk 1:26-35 lees ons van die engel wat aan Maria verskyn het. Maria was op daardie stadium verloof aan Josef. Josef was uit die nageslag van Dawid. Die engel het aan Maria verskyn, en nadat hy haar gegroet het as die begenadigde, het hy 'n boodskap vir haar. Lees Luk 1:30-33. Die inhoud van die boodskap is dat sy swanger sal word en 'n Seun in die wêreld sal bring, en sy moet Hom die Naam Jesus gee. Boonop sal Hy ook die Seun van die Allerhoogste genoem word, en Hy sal op die troon van Dawid sit van waar Hy vir ewig sal heers. Maria is stom verbaas, en vra vir die engel hoe dit moontlik kan wees siende dat sy nog nooit gemeenskap met 'n man gehad het nie. Lees Luk 1:35. Die Engel verduidelik dat die Heilige Gees oor haar sal kom en die lewe in haar wek en daarom sal die Seun heilig wees en ook die Seun van God genoem word.

In Luk 2:8-11 lees ons dat met Jesus se geboorte was daar skaapwagters wat in die nag hulle skape in die oop veld opgepas het. En toe verskyn daar meteens 'n engel van die Here aan hulle. Die inhoud van die boodskap van die engel aan die skaapwagters word vir ons in Luk 2:10-11 gegee. Lees dit. Die boodskap is 'n goeie boodskap en sal vir die hele volk 'n bron van groot vreugde wees. Die inhoud van die boodskap is: Vandag is daar die Verlosser gebore, en Hy is Christus die Here.

In Luk 2:25-35 lees ons van die ontmoeting tussen Simeon en Jesus en sy ouers by die tempel in Jerusalem. Al wat ons van Simeon weet is wat ons in hierdie paar verse lees. Ons lees hy was wetsgehoorsaam en toegewyd, en die Heilige Gees was met hom. Hy het baie uitgesien na die koms van die Verlosser en die Heilige Gees het aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterf voor hy die Gesalfde van die Here gesien het nie. Toe Jesus se ouers Hom na die tempel gebring het om die voorskrifte van die wet na te kom, het Simeon Jesus in sy arms geneem, en in verse 29-35 lees ons wat Simeon gesê het. Lees dit. Omdat die belofte van die Heilige Gees vervul is, en hy nou Jesus

gesien het, was Simeon gereed om te sterf. Hy het Jesus beskryf as die verlossing wat God voorberei het voor die oë van die volke, 'n lig tot openbaring vir die nasies en tot eer van Israel. Maar hy het ook gesê Jesus is bestem tot 'n val en opstanding van baie mense in Israel, 'n teken wat betwis sal word, en waardeur die bedoelinge of die gesindheid van baie mense aan die lig sal kom.

Wat van Jesus gesê is in die drie insidente

Wat ek nou kortliks oor wil besin, is die inhoud van wat van Jesus gesê is in hierdie drie insidente. Ek wil die fokus laat val op drie name waarvan ons lees wat Hy óf genoem moes word óf genoem sou word: (1) Jesus, (2) Christus en (3) die Seun van God. Verder lees ons ook van die werk wat Hy sou kom doen: Hy is die lig tot verligting van die nasies, maar Hy is ook bestem tot 'n val en opstanding van baie.

Die Naam: "Jesus"

Ons het geles dat die engel vir Maria gesê het sy moet Hom "Jesus" noem. In Mat 1:21 lees ons ook van 'n engel wat aan Josef verskyn het. Daardie engel het ook vir Josef gesê hy moet aan die Seun wat gebore sou word, die Naam "Jesus" gee. In Mat 1:21 word ook vir ons die rede gegee hoekom dit juis Sy Naam moes wees: want dit is Hy wat hulle van hulle sondes sal verlos. Die Naam "Jesus" beteken dus Verlosser of Saligmaker. Let op, nie net was dit die boodskap aan Josef en Maria nie, dit was ook die boodskap van die engel aan die skaapwagters in Luk 2:11 "Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus die Here!" Dit was ook die inhoud van Simeon se woorde toe hy in Luk 2:30 gesê het "my oë het U verlossing gesien".

Dink nou hieroor: Eeue vantevore, direk na die sondeval, het God beloof Een uit die nageslag van die vrou sal kom. Hy sal kom om die kop van die slang te vermorsel – die slang wat juis die een is wat die mens verlei het om sondes te doen. Deurdadig hierdie Een sal kom om die slang te vermorsel, verlos Hy dus ook die mens van die oorsprong van sondes. Hy is dus die Verlosser. Die boodskap aan Maria is dat dit wat eeue vantevore aangekondig is, nou gaan realiseer. Hy gaan nou kom!

Of dink aan daardie profesie van eeue gelede in Jes 49:1-5. Lees dit. Maria, hierdie is op die punt om vervul te word. Dit is uit jou moederskoot wat Hy gaan kom. En in lyn met daardie profesie word Sy Naam nou vir jou genoem: Hy is Jesus – die Verlosser (Jes 49:1). Dit is Hy wat Jakob na die Here gaan terugbring en Israel vir die Here byeen gaan bring (Jes 49:5). Of soos wat Jes 53:11 dit stel: "My Dienskneg sal Hom as 'n regverdige toon aan baie en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai". Maria, dit is wat nou vervul gaan word. Die Een wat mense van hulle sondes gaan verlos gaan nou kom – en jy moet Hom "Jesus" noem!

Die Naam "Christus"

Met die geboorte van Jesus het die engel aan die skaapwagters gesê: "Vandag is daar vir julle die Verlosser gebore, Christus, die Here" (Luk 2:11). Nie net is die Seun wat gebore is se Naam "Jesus" nie, Hy is ook "Christus". Die woord "Christus" is die Griekse ekwivalent van die Hebreeuse term "Messias". Beide Christus en Messias beteken "Gesalfde". In Luk 2:26 lees ons ook dat Simeon nie sou sterf voor hy die "Gesalfde" van die Here gesien het nie. Die Seun wat gebore is, is dus Jesus, die Verlosser, en ook Christus, of Messias, of Gesalfde.

Wat beteken dit as ons lees Jesus is die "Gesalfde"? As wat is Hy gesalf, en waar het dit gebeur?

Jesus is in twee hoedanighede gesalf. Ons kyk kortliks na beide:

- **Hy is gesalf as Hoëpriester:** Lees Heb 5:5. Hier lees ons dat Christus, die Gesalfde, nie Homself vereer het om Hoëpriester te word nie, maar dat God self dit gedoen het. Dit

beteken: Jesus het nie Homself as Hoëpriester aangestel nie, maar wel God. Die vraag is nou: Waar het God dit gedoen? Wel die vers leer ons dit het gebeur toe God gesê het: “Jy is My Seun, vandag het Ek jou verwek”. Hierdie woorde is natuurlik ‘n aanhaling uit Ps 2, en ons sal netnou na Ps 2 gaan kyk. Die punt van die Herbreërskrywer egter is dat die aanstelling, oftewel die salwing, van Jesus as Hoëpriester het plaasgevind toe God gesê het: “Jy is My Seun”. Nou: daar was twee geleenthede tydens Jesus se lewe op aarde waar God uit die hemel aangekondig het: “Dit is My Seun!”. Lees Mat 3:13-17. Hierdie gedeelte handel oor die doop van Jesus. Jesus het by Johannes die Doper aangedring dat hy Hom moet doop. Johannes was huiwerig, maar Jesus het vir hom gesê op hierdie manier sal alle geregtigheid vervul word – m.a.w. op hierdie manier sal dit moontlik word dat daar geregtigheid beskikbaar word (v15). Nadat Jesus gedoop is, het die hemel oopgegaan en die Gees van God het op Hom neergedaal (v16), en toe was daar ‘n stem uit die hemel wat gesê het: “Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug” (v17). Die konteks hier is spesifiek dat Jesus by Johannes aangedring het om Hom te doop, sodat geregtigheid vervul kon word. Dit was tog juis die rol van die hoëpriester in die Ou Testament om geregtigheid tussen God en die volk te bewerk deur byvoorbeeld op die Groot Versoendag versoening te gaan doen vir die sondes van die volk. Ons moet dus die gevolgtrekking maak dat die aankondiging deur God uit die hemel dat Jesus Sy geliefde Seun is tydens Sy doop, die oomblik was dat Hy deur God gesalf is as Hoëpriester.

- **Hy is gesalf as Koning:** Lees Ps 2:1-7. Ps 2 is natuurlik ‘n Messiaanse psalm, wat handel daarvoor dat God lag vir die konings van die aarde wat in opstand kom teen God en Sy Gesalfde. (v2) Die “Gesalfde” verwys natuurlik na die Seun, na die Christus. In vers 6 sê die Here dan in Sy toorn aan die konings dat Hy die Een is wat Sy Koning as Gesalfde gesalf het. God het Hom gesalf. En dan kom vers 7 waar die Gesalfde, oftewel die Christus, self aan die woord is. Die Gesalfde sê dan wat die Here aangekondig het: “Jy is My Seun, vandag het Ek Jou verwek.” Ons moet dus aflei dat die salwing gebeur het toe God gesê het: “Jy is My Seun”. Lees Mat 16:28-17:7. In vers 28 praat Jesus met Sy dissipels oor die koms van Sy koningsheerskappy. In verse 1-7 lees ons van die gebeure op die berg van verheerliking, wat ses dae later plaasgevind het. Tydens hierdie gebeure sien Petrus, Jakobus en Johannes ‘n voorskou van Jesus in heerlikheid in Sy koninkryk. Dit is wanneer dit gebeur dat vers 5 ons leer daar was weer die stem uit die hemel, wat sê: “Dit is My geliefde Seun, oor wie Ek My verheug. Luister na Hom.” Onthou nou, Ps 2 het hierna verwys, spesifiek na die salwing van die Gesalfde as Koning. Wat ons dus hier moet raaksien is dat Jesus hier as Koning gesalf word. Dit is in lyn met wat die engel vir Maria gesê het: dat die Here aan Hom die troon van Sy voorvader Dawid sal gee en dat Hy vir ewig vandaar sal regeer – wat opsigself weer ‘n vervulling is van God se belofte aan Dawid in 2 Sam 7:13-14 dat daar Een uit sy nageslag sal kom wat vir altyd sal regeer.

Sien jy die punt? In die Ou Testament is hoëpriesters geroep deur die Here, gesalf en daarna gewy aan die Here. Die Seun het Homself aan die Here gewy toe Hy gevra het om gedoop te word juis met die doel dat geregtigheid bewerk kan word, met Sy doop is Hy gesalf met die Heilige Gees, en daarna het God uit die hemel verklaar: Dit is My Seun! In die Ou Testament is konings deur die Here geroep en gesalf. Op die berg van verheerliking sien die drie dissipels Jesus in heerlikheid, in majesteit, in Sy koninkryk. En God verklaar uit die hemel: Dit is My Seun! In Heb 5:5 lees ons Christus is as Hoëpriester deur God aangestel, gesalf, toe God gesê het: Jy is My Seun. In Ps 2 sê die Seun, die Gesalfde, Hy is gesalf toe God gesê het: Jy is My Seun. God het juis dit gesê met Sy doop en Sy verheerliking op die berg, met Sy roeping en salwing as Hoëpriester en as Koning.

In Op 22:1 lees ons van “die troon van die Lam” – die Lam verwys na die Seun as Hoëpriester, en die troon na die Seun as die Koning. Hy is die Priesterkoning – God het Hom geroep en gesalf as Priesterkoning – eers as Hoëpriester met Sy doop, en later as Koning op die berg van verheerliking. God het dit self uit die hemel aangekondig! En die Bybel sluit af met die Lam op die troon saam met God! En dit alles lê opgesluit in daardie aankondiging van die engel aan die skaapwagters: Vandag is vir julle as Verlosser gebore, Christus die Here.

Die Naam “die Seun van God”

Die engel het ook aan Maria gesê dat die Seun wat gebore sou word, die Seun van die Allerhoogste genoem sou word. Toe Maria gevra het oor hoe dit moontlik kan wees siende dat sy nog nie met ‘n man gemeenskap gehad het nie, het die engel aan haar verduidelik dat die Heilige Gees oor haar sal kom – en daarom sal die Seun wat gebore gaan word ook die Seun van God genoem word. Geliefdes, kom ons wees eerlik: wat hier gebeur het is eenvoudig ‘n wonder, iets wat ons nie behoorlik kan verstaan of verduidelik nie. Die tweede Persoon van die Drie-Eenheid, die Een wat alreeds vir ewig gelewe het, die Een deur wie God alles geskep het, word as ‘n mens uit ‘n vrou gebore. Omdat hierdie lewe in Maria van die Heilige Gees kom, is hy nie net ‘n mens nie, maar ook God. Daarom word Hy ook die Seun van God genoem. Hy is gelyktydig volledig God en volledig mens.

Al kan ons nie verstaan hoe dit moontlik is nie – kan ons wel verstaan hoekom dit nodig was dat Hy ook God moet wees: want geen mens is sondeloos nie, en daarom kan geen mens verlossing van sondes bewerk nie en dus die Verlosser wees nie. Maar Jesus ken, en het.

Die werk van die Seun

Daar is baie wat gesê kan word oor die werk van die Seun – in ‘n sekere sin is dit die inhoud van die Nuwe Testament. Maar kan ek net kortliks twee aspekte uitlig uit wat Simeon gesê het:

- In Luk 2:32 beskryf Hy Jesus as ‘n lig wat vir die nasies tot openbaring dien. Joh 1:9 beskryf Hom ook as die ware lig wat elke mens verlig en wat aan die kom was na die wêreld. Ons kan maklik begryp hoekom Hy as “Lig” beskryf word – immers is alle mense dood in hulle sondes, hulle het alleen maar die verwagting om deur God veroordeel te word en in die ewige dood gegooi te word. Maar hierdie Seun het juis gekom as Verlosser, as gesalfde Hoëpriester om geregtigheid te bewerk vir almal wat in Hom glo, as gesalfde Koning om die duiwel te oorwin en siende dat Hy die Seun van God is, sal Hy dit ook volmaak voltooi. Hy bring dus lig in die donker lewens van sondegevalle mense.
- Maar in Luk 2:34-35 het Simeon ook gesê: “Kyk, hierdie Kindjie is bestem vir die val en opstaan van baie mense in Israel, as ‘n teken wat betwis word, sodat die bedoelinge van baie mense aan die lig kan kom”. Ja, die Seun is die Lig wat aan die kom is na die wêreld. En vir diegene wat in Hom glo, is Hy inderdaad bestem tot opstanding. Deur Sy werk sal hulle die vooruitsig hê om geestelik op te staan en om eendag in volmaaktheid saam met Hom te lewe vir ewig. Maar vir baie is Hy ook bestem om die val te wees. As hulle Hom verwerp, verwerp hulle die Verlosser, verwerp hulle die Here se gesalfde Hoëpriester, verwerp hulle die Here se gesalfde Koning, verwerp hulle die Seun van God en by implikasie dus God self. Dit sal verseker hulle val beteken.

Geliefdes, begryp jy die diepte en die omvang van die geboorte van hierdie Seun? Hy is Jesus, die Christus, die Seun van God! Hy is Jesus – die Verlosser, die Een wat so lank verwag is, die Een wie se koms solank vooruit aangekondig is, die Een wat Sy volgelingen verlos van hulle sondes. Hy is die Gesalfde van die Here. Hy is deur die Here self gesalf met Sy doop as die volmaakte Hoëpriester toe die Here uit die hemel aangekondig het: Dit is My geliefde Seun! Hy het juis gekom om eenmalig die

perfekte en ewige offer te bring vir al die sondes van Sy volgelinge. Hy is ook deur die Here self gesalf op die berg van verheerliking as ewige Koning toe die Here uit die hemel aangekondig het: Dit is My geliefde Seun! Hy het juis gekom om teen die duiwel te stry en Hom te bind. Hy het gekom om daarna op die troon aan God se regterhand te gaan sit van waar Hy oor alles regeer. En dit alles is moontlik, want Hy is nie net 'n mens nie – Hy is ook die Seun van God. Hy is ook God.

Begin jy verstaan hoekom Maria al hierdie woorde in haar hart gekoester het en daarvoor bly dink het (Luk 2:19)? Begin jy verstaan hoekom die skaapwagters reguit en haastig na Betlehem toe gegaan het, en daarna aan almal gaan vertel het wat oor hierdie Kindjie gesê is (Luk 2:15-17)? Begin jy verstaan hoekom Simeon gesê het: “Nou, Here, kan U u dienskneg in vrede laat sterf” (Luk 2:29)?

Dit is wat ons gedenk as ons Kersfees vier – die geboorte van hierdie Seun. Is jy in opgewonde afwagting op die ewige opstanding wat Hy bewerk? Of het jy alleen maar die verwagting van die val wat Sy koms ook vir baie bewerk?

Geseënde Kersfees!